KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK : MARIENE EN KUS BESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëELE VISVANGREGTE IN DIE STOKVIS LANGLYN VISSERY:2005

HIERDIE KONSEP BELEID MOET GELEES WORD SAAM MET DIE ALGEMENE KONSEP BELEID OP DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëdLE VISVANGREGTE:2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Sektorale profiel 4

3. Die prosedure vir die toekenning van medium termyn regte. 5

4. Oorkoepelende sektor doelwitte 5

5. Duur van regte 6

6. Nuwe deelnemers 6

7. Evalueringskriteria 7

7.1 Uitsluitingskriteria 7
7.2 Vergelykende balanseringskriteria 8
(a) Transformasie 8
(b) Belegging in die vissery 9
(c) Visvang prestasie 9
(d) By-Vangs en Storting 10
(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 10
(f) Werksgeleenthede 11
(g) Afhanklikheid van stokvis langlyn vangste 11
(h) Nie-betaling van vissery heffings 11
(i) WetsNakoming 12
7.3 Kwantum kriteria 12

8. Geskikte vaartuie 13

9. Multi-sektor betrokkenheid 13

10. Aansoekfooie en heffings 13

11. Bestuursmetodes 14

11.1 Die ekosisteem benadering tot vissery bestuur 14
11.2 Vissery bestuursareas 14
11.3 Konsolidering van deelnemers 15
11.4 Vaartuie en visvang aanwending 15
11.5 Monopolisering 15
11.6 TTV Verhouding – treiler:langlyn 16

12. Prestasie Meting 16

13. Waarnemersprogram 16

14. Permit Voorwaardes 17

1. Inleiding

Hierdie is 'n konsep beleidskrif oor die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die stokvis langlyn vissery en word uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement") vir openbare kommentaar. Belanghebbende partye word aangeraai om hierdie konsepbeleidskrif te lees saam met die Algemene Konsep Beleid op die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Visvangbeleid"). Belanghebbendes mag geskrewe kommentaar lewer aan die Departement tot en met 4 April 2005. Kommentaar wat gelewer word na hierdie datum, sal nie in ag geneem word nie. Kommentaar kan op die volgende maniere voorgelê word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die oogmerk van hierdie beleidskrif is om die oorwegings uiteen te sit wat van toepassing sal wees by die toekenning van langtermyn kommersiële stokvis langlyn visvangregte. Baie van hierdie oorwegings bestaan reeds. Hulle is reeds in die verlede deur die Departement toegepas by die toekenning van regte en tot 'n mate weerspiëel hierdie beleidskrif daardie oorwegings.

Die bestuursbeleid rondom die tydperk na die toekenning van regte kom ook na vore in hierdie konsep beleidskrif. 'n Stokvis Langlyn Vissery Bestuur Handleiding sal saam met al die regtehouers saamgestel word gedurende 2006. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die bestuursmetodologie en prosedures vir die vissery uiteensit.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is van voorneme om die artikel 18 magte om kommersiële stokvis langlynregte toe te ken in terme van artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne *("die WLMH"*), aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Sektorale profiel

Wanneer dit vergelyk word met die Suid-Afrikaanse stokvistreilvangs vissery, is die stokvis langlyn vissery van redelike onlangse oorsprong. Langlynvangste het in 1982 begin. Tussen 1985 en 1990 was baie van die langlyn aktiwiteite weggelei van stokvis na koningklip *("kingklip*"), aangesien laasgenoemde heelwat meer werd was. Stokvis langlynvangste is heringestel in 1994 as 'n eksperimentele vissery. Kommersiële visvangregte in terme van die WLMH is uitgereik in 1999 en 2000, maar hierdie toekennings is deur die howe tersyde gestel. Stabiliteit is verkry in 2001 met die toekenning van vierjaar kommersiële stokvis langlynregte.

Die stokvis langlyn vissery skep ongeveer 3 600 pemanente werksgeleenthede en 'n verdere 3 200 deeltydse werksgeleenthede. Meer as 90% van hierdie werksgeleenthede word gevul deur voorheen benadeelde indiwidue. Die gemiddelde jaarlikse inkomste vir bemanning is R38 500.

Die stokvis langlyn vissery is nie kapitaal intensief nie. Die stokvis langlyn vissery is toegespits op die vang van prima kwaliteit stokvis vir uitvoer na Europa en die waarde van prima kwaliteit stokvis is ongeveer 50% hoër as stokvis wat met treilnet gevang word. Die totale waarde van vis wat gevang word in die stokvis langlyn vissery word geskat in die omgewing van R 130 miljoen per jaar. Die markwaarde van vaartuie wat gebruik word in die vissery word geskat in die omgwing van R 750 miljoen.

Die Departement bestuur die stokvis langlyn vissery as deel van die kollektiewe stokvis vissery. In terme van die WLMH, word a "*globale*" totale toelaatbare vangs ("TTV") jaarliks vasgestel deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme. Die langlyn en handlyn visserye deel saam 10% van die globale TTV. Die diepsee-treil stokvis vissery word 83% van die TTV toegeken en

die oorblywende persentasie gaan na die kustreil stokvis vissery. Tot en met 2004 was ‘n 1000 ton gereserveer vir buitelandse visserye. Hierdie toekenning sal nou gestaak word.

Die stokvis langlyn vissery vind plaas langs die Westelike en Suid-Westelike kuslyn. Die vissery word bedryf vanuit die hawens van Port Nolloth tot by Port Elizabeth. Dit vind plaas in diepwater en kuswater. Kusgebonde stokvis langlyn vangste word beperk tot ‘n maksimum van 4000 vishoeke per lyn. Diepwater langlyn vangste mag slegs plaasvind op ‘n diepte van meer as 110 meter en is beperk tot ‘n maksimum van 20 000 vishoeke per lyn. Daar is ‘n verskil tussen die soort vaartuie en die bedryfskoste in die kus- en diepsee sektore van die vissery.

Stokvisvoorrade word tans baie konserwatief bestuur. Die TTV vir stokvis is nog elke jaar sedert 2003 verminder en verdere verminderings mag dalk nodig wees.

3. Die prosedure vir die toekenning van medium termyn regte.

Die stokvis langlyn vissery is in 2001 geidentifiseer as ideaal geskik vir die bemagtiging van klein en medium grote ondernemings en van vissermanne uit voorheen benadeelde groepe. Gedurende 2001 en 2002 het die Departement 207 kommersiële stokvis langlynregte toegeken vir ‘n vierjaar periode. Voorheen benadeelde indiwidue beheer nou 90% van die TTV en 80% van die regtehouers is klein en medium grote ondenemings. Deur hierdie toekenningsproses is die Departement se doelwitte met betrekking tot die bemagtiging van voorheen benadeelde indiwidue en die van klein- en medium grote ondernemings, bereik.

4. Oorkoepelende sektor doelwitte

Die doelwit met die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is:

- Die instandhouding en verbetering van die transformasie profiel van hierdie vissery;
- Die aanmoediging van verdere belegging in vaartuie, infrastruktuur en werksgeleenthede, in besonder deur voorheen benadeelde indiwidue.
- Die vermindering in by-vangste en die uitskakeling van impak op voëls;

- Die fasilitering van verdere navorsing oor die impak van langlyn vangste op stokvis getalle;
- Die voortgesette voorkeur aan aansoekers wie se geregistreerde besigheidsadres in die Oos-Kaap is; en
- Die ondersteuning van die ekonomiese lewensvatbaarheid en en omgewingsvolhoubaarheid van die vissery.

5. Duur van regte

Met in agneming van –

- die transformasie profiel van die vissery;
- die aantal voltydse werksgeleenthede wat verskaf word (en om die verdere omskakeling van deeltydse na voltydse werksgeleenthede aan te moedig);
- die behoefte om die ekonomiese stabiliteit wat tans in hierdie vissery heers te handhaaf;
- die feit dat stokvis hulpbronne goed bestuur word met gegewens wat betroubaar en op datum is,

sal die Departement kommersiële regte toeken vir ‘n periode van 15 jaar (01 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2020). Elke reghouer sal egter met gereelde tussenposes getoets word teen vooraf vasgestelde prestasie maatstawwe (**verwys na Paragraaf 13 verder aan**).

6. Nuwe deelnemers

Suid-Afrika se stokvis getalle word tans bestuur in terme van ‘n konserwatiewe bestuursplan, omdat daar besorgdheid bestaan dat die huidige vlak van visvangpoging nie standhoubaar sal wees nie, weens ‘n afname in vangste en toename in visvang doeltreffendheid. In die langlyn

vissery het die toetrede van groot getalle nuwe deelnemers tot groot onsekerheid gelei en verder tot ‘n tekort in wesentlike belegging in infrastruktuur en menslike hulpbronne.

Die Departement is van voorneme om die aantal regtehouers te verminder van die huidige 207 regtehouers en 104 vaartuie. Die vlak van transformasie in die vissery is bevredigend en ‘n groot aantal KMO’s is daarin werksaam. Nuwe deelnemers sal dus slegs aanvaar word in die plek van regtehouers wat swak presteer het.

7. Evalueringskriteria

Aansoeke sal gesif word volgens ‘n stel “*uitsluitingskriteria*”. Aansoeke van nuwe inkomelinge en bestaande regtehouers sal daarna afsonderlik oorweeg word in terme van ‘n stel gelaaide “*vergelykende balanseringskriteria*”. ‘n Afsnypunt in terme van punte toekenning sal dan bepaal wie die suksesvolle aansoekers is. ‘n Gedeelte van die TTV sal dan toegeken word aan elke suksesvolle aansoeker ooreenkomstig ‘n stel “*kwantumkriteria*”.

7.1 Uitsluitingskriteria

Aanvullend tot die uitsluitingskriteria wat genoem word in die Algemene Beleid op Visserye met betrekking tot onbehoorlike indiening en wesentlike tekortkominge, sal die volgende uitsluitingskriteria van toepassing wees op aansoeke van beide bestaande regtehouers en nuwe inkomelinge:

(a) **Vorm van die aansoeker**: Aansoeke sal slegs oorweeg word van entiteite wat ingelyf is in terme van die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 en die Maatskappyewet, 61 van 1973. Aansoeke van natuurlike persone (d.w.s indiwidue of eenmansake) en trusts sal nie oorweeg word nie.

(b) **Wetsnakoming**: Aansoekers, insluitende direkteure of beherende aandeelhouers, wat gevonnis is vir ‘n oortreding in terme van die WLMH (en gevonnis tot tronkstraf sonder die opsie van ‘n boete) sal nie kwalifiseer vir die toekenning van stokvis langlynregte nie. Aansoekers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers, wie se visvangregte al gekanselleer

of herroep was in terme van die WLMH, sal ook nie stokvis langlynregte ontvang nie. Ander oortredings van die WLMH sal 'n nadelige invloed hê op die oorweging van die aansoek, soos hieronder uiteengesit sal word.

(c) **Papier kwotas**: 'n papier kwota soos gedefinieer in die Algemene Beleid sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot 'n geskikte vaartuig**: Aansoekers sal moet aantoon dat hulle toegang het tot 'n geskikte vaartuig (***verwys na paragraaf 8 verder aan***).

(e) **Nie- gebruik***:* Regtehouers wat versuim het om hulle medium termyn kommersiële stokvis langlyn regte te gebruik tussen 2002 en 2004, sal nie weer regte ontvang nie.

7.2 Vergelykende balanseringskriteria

Alhoewel die volgende kriteria oor die algemeen van toepassing sal wees op aansoeke van regtehouers sowel as nuwe deelnemers sal dit verskillende gewig dra by die twee groepe.

(a) <u>Transformasie</u>

Tans word 89 persent van die regtehouers in hierdie vissery deur swart persone besit en bestuur. Hierdie regtehouers beheer gesamentlik 90 persent van die TTV en verder maak klein en medium grote ondernemings 80 persent van die regtehouers uit.

Die Departement se oogmerk in die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is, om die huidige vlak van transformasie te handhaaf of daarop te verbeter. Gevolglik sal aansoekers oorweeg word en 'n punte telling ontvang ooreenkomstig die volgende –

- Die persentasie swart en vroulike verteenwoordiging op eienaars- en uitvoerende bestuursvlak;

- Of werknemers aandeelhouers is in die aansoeker en die omvang van hulle voordele;
- Regstellende aankope;
- Die graad van swart en vroulike verteenwoordiging op die onderskeie vlakke onder die uitvoerende bestuursvlak;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, 55 van 1998; en
- Korporatiewe sosiale belegging.

(b) <u>Belegging in die vissery</u>

Aansoekers sal oorweeg word met inagneming van beleggings gemaak in die stokvis langlyn vissery.

Wat aansoeke van regtehouers betref, sal die Departement in besonder die volgende in ag neem:

- Belegging in geskikte vaartuie. Met betrekking hiertoe sal belegging in die vorm van aandeelhouding oorweeg word. Aansoeke van regtehouers sal nie beloon word op grond daarvan dat aankoop-, skeepshuur- of vangsooreenkomste aangegaan is nie.
- Belegging in bemarkingsinfrastruktuur. Die Departement sal aansoeke van regtehouers wat belê het in stokvis bemarkingsinisiatiewe, beloon.

Aansoeke van nuwe deelnemers sal moet aantoon of hulle in ‘n vaartuig belê het, en in watter vorm. Hulle sal ook moet aantoon of hulle belê het in bemarkingsinisiatiewe en of hulle toegang het tot bemarkingsfasiliteite.

(c) <u>Visvang prestasie</u>

Aansoeke van regtehouers sal oorweeg word deur te kyk na hulle prestasie in die langlyn vissery en resultate getoon oor die medium-termyn regte periode.

Aansoeke van nuwe aansoekers sal oorweeg word deur te kyk of hulle die vermoë, kennis en vaardigheid het om stokvis te kan vang met die langlyn metode.

(d) By-Vangs en Storting

Die hoeveelheid by-vangs, spesifiek van koningklip (*Genypterus capensis*), wat gevang word deur deelnemers in die stokvis langlyn vissery, bly 'n bron van kommer vir die Department. Maatreëls om die by-vangs van hoë waarde vis soos koningklip te beperk is nodig, omdat dit onafwendbaar is dat hierdie spesies tot 'n mate geteiken sal word. Die huidige vlak van koningklip vangste blyk hoër te wees as standhoubare vlakke en die getalle daarvan is veral laag aan die Suidkus.

Om hierdie rede het die Departement 3 000 ton vasgestel as die maksimum toelaatbare jaarlikse by-vangs van koningklip, wat op die stokvis vissery as geheel van toepassing sal wees. Aansoeke van regtehouers sal moet aantoon watter maatreëls hulle getref het, of gaan tref, om te verseker dat hierdie beperkings op by-vangste nagekom sal kan word.

Die dompeling van vis is verbode en indien daar gevind word dat regtehouers vis dompel, kan die toekenning van regte weerhou word, of indien regte reeds toegeken is, kan die regte herroep word in terme van artikel 28 van die WLMH.

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Dit is nodig dat daar belê moet word in van die kleiner Suid-Afrikaanse kusdorpe. Die Departement sal gevolglik voorkeur gee aan daardie aansoekers, veral die kleiner regtehouers, wat kies om hulle vangste aan land te bring en te laat verwerk buite die groot stedelike gebiede soos Kaapstad en Port Elizabeth. Groter stokvis langlyn regtehouers wat reeds belê het in fasiliteite in Kaapstad en Port Elizabeth, sal nie gepenaliseer word nie.

Die Departement sal gunstige oorweging skenk aan aansoeke van regtehouers wat onderneem om te belê in die kleiner vishawens soos Port Nolloth en Mosselbaai en hulle vangste daar aan land te bring.

(f) Werksgeleenthede

Die stokvis langlynvissery verskaf ongeveer 6 800 werksgeleenthede. Werknemers ter see, verdien gemiddeld ongeveer R38 500 per jaar en in die algemeen heers daar billike arbeidspraktyke.

Die Departement sal voorkeur verleen aan daardie aansoekers wat hulle werknemers voorsien het van –

- Pemanente indiensneming;
- Mediese fonds en pensioenvoordele;
- Enige ander diensvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

In die geval van bestaande regtehouers, sal werksgeleenthede geskep per ton vis gevang gedurende die medium termyn regstoekenningsproses, in berekening gebring word. Die Departement sal ook kyk na die loonverskille tussen die hoogs- en laagsbesoldigde werknemers.

(g) Afhanklikheid van stokvis langlyn vangste

Die Departement sal voorkeur verleen aan aansoekers wat staat maak op stokvis langlyn vangste vir 50 persent of meer van hulle bruto jaarlikse inkomste. Aansoekers of hulle beherende aandeelhouers wat enige inkomste verkry van bronne buite die visvangindustrie, sal gepenaliseer word.

(h) Nie-betaling van vissery heffings

Die Departement vereis dat elke regtehouer ‘n heffing betaal op al die geteikende vis wat aan land gebring word. ‘n Aantal regtehouers het, of nie hulle heffings betaal nie, of het vangste onderrapporteer, onder andere om die

betaling van heffings vry te spring. Laasgenoemde groep sal heeltemal uitgesluit word. Die eersgenoemde groep (diegene wat glad nie heffings betaal het nie) sal gepenaliseer word in die vergelykende opwegingsproses, soos wat hieronder uiteengesit sal word. Maar in die geval van aansoeke van regtehouers wat steeds kwalifiseer vir regte, sal 'n visvangpermit nie uitgereik word nie, totdat die totale bedrag heffings betaalbaar (plus rente) aan die Departement betaal is nie.

(i) <u>WetsNakoming</u>

Regtehouers, insluitende hulle direkteure en beherende aandeelhouers, wat ondersoek word vir oortredings van die WLMH, sal nie stokvis langlynregte toegeken word, totdat die uitslag van die ondersoek bekend is nie.

Geringe oortredings van die WLMH, insluitende van regulasies deur die aansoeker, sy direkteure of beherende aandeelhouers sal meebring dat die aansoeker 'n negatiewe puntetelling ontvang.

7.3 Kwantum kriteria

Wat aansoeke van regtehouers betref, sal die Departement die kwantum vir die 2005 seisoen as vertrekpunt neem en verder dié van regtehouers wie se aansoeke onsuksesvol was, of wat nie aansoek gedoen het nie, proporsioneel hiertoe byvoeg. Die volgende kwota poele sal geld:

- **Vaartuigeienaars:** Tien persent van die stokvis langlyn TTV sal opsy gesit word om daardie klein- en medium grote ondernemings te beloon wat volledig (100%) belê het in hulle eie stokvis langlyn vaartuie voor 30 Januarie 2005; en
- Veertig persent van die TTV sal herverdeel word op grond van **punte tellings verkry**, insluitende transformasie.

Suksesvolle nuwe deelnemers sal 'n basiese kwantum ontvang wat gelykstaande is aan die laagste kwota wat toegeken is vir 'n suksesvolle aansoek van 'n reghouer.

8. Geskikte vaartuie

'n Geskikte vaartuig in die stokvis langlynvissery is 'n vaartuig wat:

- 'n maksimum SAMSA gesertifiseerde lengte het van ongeveer 30 meter vir diepsee stokvis langlyn vangste en 15 meter vir kusgebonde stokvis langlyn vangste;
- 'n funksionele boot moniteringstelsel het;
- 'n goedgekeurde wimpellyn het (*"streamer"* of *"tori line"*) wat in plek moet wees wanneer ook al 'n langlyn gestel is. Die wimpellyn moet ontplooi wees reg bokant die hooflyn, met dien verstande dat as twee wimplellyne gebruik word, hulle ontplooi moet word aan beide kante van die hooflyn; en
- wat aangepas is om te verseker dat enige afval gedompel word aan die teenoorgestelde kant van waar die lyne ingetrek word.

9. Multi-sektor betrokkenheid

Regtehouers in die stokvis langlyn vissery word nie verhoed om regte te hou in Groep A of Groep B visserye nie. Regtehouers in die stokvis langlyn vissery (insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van die uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in Groep C of Groep D visserye te hou nie.

10. Aansoekfooie en heffings

Die aansoekfooi vir die stokvis langlyn vissery sal vasgestel word met verwysing na die volgende:

- Die koste van die hele regtetoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, die evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersienings. In hierdie verband sal die koste wat aangegaan is gedurende die medium termyn procedure, 'n riglyn daarstel; en

- Die waarde van die vis wat toegeken word gedeel oor die tydsduur van die regtetoekenning.

Die jaarlikse heffing wat betaalbaar is sal met ingang 01 Januarie 2006 hersien word na oorlegpleging met al die belanghebbendes.

11. Bestuursmetodes

Die bestuursmetodes wat hieronder uiteengesit word, weerspiëel sommige van die Departement se bedoelings vir die bestuur van die vissery in die tydperk na regte toekennings.

11.1 Die ekosisteem benadering tot vissery bestuur

Die vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteem benadering tot visserye ("EBV"). 'n Ekosisteem benadering tot vissery bestuur is 'n holistiese en geintegreerde beleid wat erkenning verleen aan die feit dat visvang en verwante land-gebaseerde aktiwiteite 'n invloed het op die breër mariene omgewing. Hierdie deel van die stokvis langlyn visvangbeleid poog nie om 'n beleidstandpunt te voorsien vir EBV in die stokvis vissery nie. Die EBV in die stokvis vissery sal in verdere besonderhede aandag geniet in die Vissery Bestuurs Handleiding vir die stokvis langlyn vissery. Suid-Afika bly steeds verbind tot die teiken datum van 2010 vir die implementering van 'n EBV in die kommersiële visserye, insluitende stokvis.

11.2 Vissery bestuursareas

Die stokvis langlyn vissery spits hom toe op twee spesies stokvis oor 'n groot gedeelte van die kuslyn. Tans word 'n diepsee en kusgebonde komponent toegelaat om werksaam te wees aan die suidkus. Die uitgebreide gebied waarin hulle werksaam is, gepaardgaande met 'n daadwerklike afname in die vangs per pogingseenheid, het tot gevolg dat stokvis langlyners toenemend hulle gebied deel met stokvistreilers. Dit bring probleme mee.

Artikel 15 van die WLMH maak voorsiening vir die verklaring van vissery bestuursareas. Die Departement sal dit oorweeg om vissery bestuursareas verklaar

om die druk wat op stokvis en koningklip getalle geplaas word te bestuur en om gebruikerskonflik tussen langlyners en treilers te verminder.

11.3 Konsolidering van deelnemers

Na die afhandeling van die toekenning van die 15 jaar kommersiële visvangregte in hierdie vissery, sal die Departement die konsolidering van die aantal regtehouers wat steeds betrokke is in die vissery, fasiliteer. Regtehouers mag dalk hulle onderskeie ondernemings wil konsolideer in die geval waar:

- Regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan deel; of
- Kleiner regtehouers besluit om hulle ondernemings te konsolideer.

Konsolidering van regtehouers is egter ondeworpe aan die Departement se benadering tot monopolieë. (***verwys na paragraaf 11.5 hieronder***).

11.4 Vaartuie en visvang aanwending

Daar is tans 104 stokvis langlyn vaartuie wat werksaam is in Suid-Afrikaanse waters. Met huidige gebruik voorsien die Departement dat baie regtehouers nog vaartuie sal wil aanskaf na die toekenning van langtermyn visvangregte. Die visbron is al reeds onderworpe aan onstandhoubare aanwendingsvlakke. Die Departement sal dus die kumulatiewe effek van nuwe of addisionele vaartuie in hierdie vissery versigtig bestudeer. Regtehouers sal nie toegelaat word om vaartuie aan te skaf wat tot veel groter pogings instaat is as hulle toegewysde kwantum nie. Verder sal die Departement ook met die Bydryfsliggaam van die Visvangsektor Visserye oorleg pleeg oor die toevoeging van verdere of nuwe vaartuie in die vissery.

11.5 Monopolisering

Alhoewel die Departement die konsolidering van regtehouers in hierdie vissery sal aanmoedig, bly dit gekant teen monopolieë wat tot nadeel kan wees vir die kleiner regtehouers. Die Departement gaan nie op hierdie stadium ‘n maksimum drumpelwaarde van die TTV wat een enkele reghouer oor mag beskik of beheer, vasstel nie, maar sal die situasie dophou om te verseker dat geen groter reghouer optree op ‘n manier wat indruis teen billike mededingingspraktyke nie.

11.6 TTV Verhouding – treiler:langlyn

Die huidige treiler:langlyn TTV verhouding sal gehandhaaf word. Dit sal egter hersien word sodra verdere data beskikbaar word met betrekking tot die relatiewe impak van die treiler en langlyn metodes.

12. Prestasie Meting

Die Departement sal formele prestasie meting onderneem vir die volle tydperk van die kommersiële visvangregte. Dit word voorsien dat die eerste stel metings sal plaasvind binne twee jaar na die toekenning van die regte en daarna elke vier jaar.

Alhoewel die Departement eers die presiese maatstawwe vir die meting van regtehouers sal finaliseer na oorlegpleging met regtehouers, mag die volgende breë prestasie verwante maatstawwe wel gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie en toerusting;
- standhoubare gebruik en in besonder vermindering in by-vangste asook die biologiese en ekologiese impak van langlyn vangste;
- nakoming van die toepaslike wette en regulasies.

13. Waarnemersprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word, om ook wetsnakoming in te sluit. Verder sal die Departement ook die waarnemersdekking in hierdie vissery toenemend vermeerder. Daar sal van regtehouers verwag word om die koste van die waarnemersprogram te dek.

14. Permit Voorwaardes

Permit voorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permit voorwaardes wat van toepassing is op die vissery vir die 2005 seisoen word aangeheg as **Bylae A**. Belanghebbendes word genooi om kommentaar te lewer op hierdie permit voorwaardes.